
Droomdraers

Derdepoort Rustenburg-Suid
Wespoort Wierdapark Wonderboom Wonderpark
Wesmoot Waverley-Oos Waverley Waterkloofrif Thabazimbi
Waterkloof Waterberg Warmbad-Wes Warmbad Soutpansberg
Valhalla Rustenburg Springbokvlakte Stellastraat Piet Potgietersrust
Pretoria Riviera-Jakaranda Noordoos-Pretoria Northam Vaalwater Louis Trichardt
Universiteitsoord Rietfontein-Noord Onderstepoort Petronella Naboomspruit Vorentoe
Rietfontein-Suid Nylstroom-Oos Pierneef Pietersburg-Noord Rooihuiskraal Pietersburg Overkruin The Reeds
Sesmylspruit Monumentpark-Wes Pretoria-Tuine Queenswood Pretoria-Oos Proteapark
Pretoria Dowes Marondera-Rusape Moregloed Monumentpark SA Gemeente Mootvallei
Magalieskruin Eldoraigne Ellisras-Wes Florandia Lynnwood Raslouw Wonderboom-Suid
Marken Dwaalboom Villieria Florauna Groenkloof Masvingo
Magaliesberg Gesinskerk Tuinrand Wonderboompoort
Doornpoort Dendron Haakdoorn Messina
Roedtan Chegutu Hartbeespoort
Bergsig Dalunie Harare Montana
Chinhoyi/Karoi Hulp-en-Hoop
Chipinge Daspoort Kadoma Levubu
Capital Park-Concordia Kameeldrif
Bulawayo Brits Kerk-in-Suid
Blouberg Boysens Koedoeskop Lusaka
Jan Niemandpark Koedoesrand Limpopo
Andrew Murray Kremetart
Albertyn Krokodilrivier
Mutare



Werksagenda
Sakelys: Afdeling B
18-22 Oktober 2026

NOORDELIKE SINODE

VOORWOORD

Vanjaar se saamwees kom te midde van ’n soeke na die kerk se rol en relevansie in ’n uiters onsekere wêreld.

Ons spore lê ver terug. Die Nederduits Gereformeerde Kerk van Transvaal het in 1954 besluit om in twee streke, naamlik ‘n noordelike en ‘n suidelike deel te funksioneer met elkeen ‘n eie moderatuur. By die sinodesitting van 1957 is die twee dele formeel gekonstitueer as die Sinodes van Noord-Transvaal en Suid-Transvaal.

In 1979 het die Sinode van Oos-Transvaal van ons afgestig en na die veranderinge in ons land in 1994, het ons naam amptelik die Noordelike Sinode geword.

In die lig van gister, en die uitdagings van vandag, het die Sinodale Diensraad (SDR) besluit dat ons gesprekke, nadenke en besluite by vanjaar se sitting van 18 tot 22 Oktober te Weesgerus, moet fokus op ‘n eerlike poging om nuwe perspektiewe te kry op die toekoms. Ons tema is daarom: ***DROOMDRAERS****.*

Ons gaan hierdie tema in drie belangrike

bewegings verken, naamlik, ***Onthou, Verbeel en Leef****. Hierdie bewegings word elkeen met 'n simboliese kleur geassosieer, te wete:*
Goudgeel*-Dit wat waardevol is (Onthou);*
Turkoois*-Moed en wysheid (Verbeel);*
Vlootblou*-Dra jou "uniform" met toewyding (Leef).*

Ons wil in hierdae dae wat ons saam is, ook spesiaal moeite doen om ons identiteit en familie-wees te vier, om ou verhoudings te verstewig en splinternuwes te vestig. As familie wil ons in liefde van mekaar verskil, mekaar se bona fides aanvaar en met begrip na mekaar luister. Ons wil dus met integriteit aan gesprekke deelneem, en saam nuwe treë gee.

Dalk kan dit alles help dat ons vlammetjies weer helder en hoog sal brand wanneer ons op 22 Oktober huis toe gaan, sodat ons dié deel van die Koninkryk wat God aan ons toevertrou het, nuut kan gaan bedink.

Mag God ons seën!



Paul Grobler
Direkteur (2015-2026)

VERLOOP

Sondag 18 Oktober

14:00 Aankoms, registrasie, nesskrop

16:00 OPENINGSEREMONIE (Deel 1)

- Konstituering in Weesgerus se saal
  [Ooreenkomstig Bep.32.2.8 hanteer die oudste afgevaardigde predikant die konstituering. "Oudste" is geïnterpreteer as die afgevaardigde predikant wat die naaste is aan die normale aftree-ouderdom van 65]
- Verwelkoming
  [Ooreenkomstig Bep.33.2.8 lei die moderatuur wat uittree, die res van die vergadering]
- Ons is hier
- Ons is familie

17:30
Aandete

18:30 OPENINGSEREMONIE (Deel 2)
(In die Gemeente Waterberg se kerkgebou)

- Woord, Musiek, Brood en Wyn
- Kuier

Maandag 19 Oktober

ONTHOU

07:00 Koffie en beskuit
08:00 **Sessie 1**
Familiesake
Oggendwyding
God was met ons (1)
10:30 Brunch
11:30 **Sessie 2**
God was met ons (2)
13:30 Koffie
14:00 **Sessie 3**
Oktober 2022 – Oktober 2026
15:45 Verversings
16:15 **Sessie 4**
Nog meer oor ONTHOU
17:15 Refleksie
17:30 Ontspan
19:00 Aandete en kuier

Dinsdag 20 Oktober

VERBEEL

07:00 Koffie en beskuit
08:00 **Sessie 1**
Familiesake
Oggendwyding
Om te verbeel
Perspektiewe oor die toekoms (1)
10:30 Brunch
11:30 **Sessie 2**
Perspektiewe oor die toekoms (2)
13:30 Koffie
14:00 **Sessie 3**
Ons verreken realiteite
15:45 Verversings
16:15 **Sessie 4**
Ons droom verder
17:15 Refleksie
17:30 Ontspan
19:00 Aandete en kuier

<u>Woensdag 21 Oktober</u>

LEEF

07:00 Koffie en beskuit
08:00 **Sessie 1**
Familiesake
Oggendwyding
Ons Voetspoor
Perspektiewe oor LEEF
10:30 Brunch
11:30 **Sessie 2**
Nog meer oor ons Voetspoor
13:30 Koffie
14:00 **Sessie 3**
Verdere Perspektiewe
15:45 Verversings
16:15 **Sessie 4**
Groet
17:15 Refleksie
17:30 Ontspan
19:00 Aandete en kuier

Donderdag 22 Oktober

TOEKNOOP

07:00 Ontbyt
08:00 **Sessie 1**
Familiesake
Hoe gaan ons huis toe?
11:00 **Afsluitingseremonie**
12:00 Vertrek met ‘n preek vir 25 Oktober
en ’n kospakkie.



Droomdraers
WAAR HOOP
DIE TOEKOMS ONTMOET
Noordelike Sinode
18 - 22 Oktober 2026
Onthou
Verbeel
Leef